

Gebedsprogram 28 November 2021

- **Fokusteks:** Luk 17:15-16 En een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys. Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank...
- **Kerngedagte:** By 'n erediens wys ons ons dankbaarheid teenoor die Here saam as gemeente deur God te prys vir wie Hy is.
- **Baie dankie** dat jy getrou voorbidding doen vir ons gemeente, gemeenskap, land en wêreld.
- **Gebedsversoeke** kan gestuur word aan: pretorius.mm@mweb.co.za

Advent

In die kerklike jaar gaan ons nou Adventstyd binne, 'n tyd waarop ons fokus op die koms van Jesus Christus. Ons bid die adventsbedes saam met die adventskerse wat ons elke Sondag aansteek.

Eerste Adventsbede - Ons eerste adventsbede fokus op hoop.

'n Tyd van hoop waar ons herinner word dat die pyn, seer en swaarkry wat ons nou beleef aan die verbygaan is. Christus het gekom en sal weer kom.

Gebed: Here ons steek hierdie kers aan as 'n simbool van ons hoop, mag u lig skyn in die duisternis om ons lewenspad te verlig en vir ons hoop bly gee! **Kom, ja kom haastig, Immanuel - Amen**

Saaityd

Tot en met 5 Desember is **SAAITYD** in La Rochelle! Ons wil die gemeente uitnoui om spesifiek voorbidding te doen vir ons Saaityd-Projek.

Bid vir die Saaityd-Projek

- Bid vir ons lidmate/gemeente om gehoorsaam te wees aan die groot opdrag wat ons het om te saai wat in ons Wenakkers is.
- Bid vir lidmate om by te dra tot die projek!
- Bid vir die spesifieke behoeftes van elke uitreik dat ons dit mildelik kan voorsien

Sê dankie

- Dank die Here vir die produkte wat reeds ingesamel is.

Bid vir 'n spesifieke instansie

VGK Delft Ons gemeente het al vir jare 'n verhouding met VGK Delft gemeente. Daar is tans ongeveer baie gesinne in die gemeente met groot behoeftes aan kos as gevolg van werkloosheid en armoede.

- Bid vir die geestelike leiers om geestelike leiding te gee aan die lidmate, bid ook vir dat hulle wat armoede beleef vir moed en voorsiening in hulle behoeftes

Manna en Kwartels Manna en Kwartels is 'n voedsel projek wat poog om gesinne, wat weens Covid 'n finansiële verlies ly of 'n behoefte het aan voedsel sekuriteit, by te staan.

- Bid vir die fisiese en ook geestelike voorsiening vir die gesinne, bid ook spesifiek vir die kinders van hierdie gesinne.

ALGEMENE GEBEDSVERSOEKE

- Bid vir ons gemeente dat ons 'n gemeete sal wees wat daagliks in dankbaarheid teenoor die Here sal leef.
- Bid vir die Kerssangdiens wat op 5 Desember plaasvind.

- Bid vir die leerders, matrieks en studente wat besig is met eksamens asook die onderwysers en dosente wat vraestelle moet nasien.
- Dank die Here vir die reën wat die afgelope week in die Suidkaap en dele van die Karoo geval het, bid ook vir die dele waar daar reënskade opgedoen is.
- Dank die Here vir die mate van stabiliteit wat daar tans heers tov die Covid syfers, bly bid dat daar nie 'n volgende vlaag sal wees nie.
- Bid vir persone wat ernstig siek is, kanker het en operasies ondergaan het, mense wat geliefdes aan die dood afgestaan het, mense wat op een of ander manier geraak word deur die Covid 19 pandemie, bid dat God se genade vir hulle genoeg sal wees.

Dankie vir jou getroue voorbidding!